DIE EIKE

# Nuusbrief Maandeliks

DIE EIKE-SENTRUM VIR UITNEMENDHEID

VOLUME 2 NOMMER 7 SEPTEMBER 2025

## IN DIE SEPTEMBER 2025 UITGAWE

**1 | Oordenking:**
My erfenis is vir my mooi
**Ds. Wim Slabbert**

**2 | Woord deur die Voorsitter:**
Midde in uitdagings herdenk Afrikaners hulle erfenisse
**Dries Wiese**

**3 | Geloof, Hoop en Liefde deur Afrikaans**
GRA 150-jaar viering
**Jan Bosman**

**5 | Zimbabwe en onteiening sonder vergoeding - Pres Ramaphosa se uitsprake**
**AB Standpunte**

**7 | BELA Konsepregulasies**
**Nuwe strydfronte - ou spelers**
**Frederik van Dyk**

**9 | NEASA en Sakeliga appelleer uitspraak**
**Gelyke Indiensneming**

**10 | Nasionale Dialoog**
Pres Ramaphosa se Rubicon en verspeelde kanse
**Jan Bosman**

**12 | Afrikaners het reeds verskoning gevra vir apartheid**
**Martin van Staden**

**15 | Afrikaners se erfenisse is om ons**
Die ANC het min te wys
**RW Johnsson**

**18 | Uitnodiging**
**Eiendomsreg konferensie**
**9 September 2025**

**19 | AB Wes-Kaap - Uitnodiging 20 September 2025 -**
**Die onvervulde ideale van die Grondwet**

**19 | Nominasies vir 2025 Kokers**
**Afrikaanse Taalraad**

*Menings in die nuusbrief is nie noodwendig die mening van die Afrikanerbond nie.*

## OORDENKING: MY ERFENIS IS VIR MY MOOI

***Deur ds. Wim Slabbert***

Psalm 16 vertel van 'n mens wat op God leer hoop het. Die verse in die Psalm wat in mense se geheue bly vassteek het deur die eeue, is die volgende:
" 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, wat ek ontvang het, is vir my mooi."

Of die vertaling waarmee meeste van ons groot geword het:
"Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, my erfenis is vir my mooi."



In 'n gemeenskap waar kultuur en godsdiens so hand aan hand geleef het soos die omstandighede waarin ons grootgeword het, kan 'n mens ons voorgeslag dit vergewe dat hulle hierdie verse baie gereeld gebruik het om 'n beroep te maak op volksgenote om ons kultuurerfenis en geskiedenis te waardeer en in ere te hou.

Maar die Psalmdigter het 'n nog kosbaarder erfenis in gedagte gehad het toe hy die woorde geskryf het.

In sy geval het hy gepraat oor sy geloofserfenis - dit wat hom ten deel geval het uit sy verbondsverbintenis met God.

My verhaal van hoop is 'n oorvertel van wat ek by die Psalmdigter geleer het toe ek sy getuienis gelees het. Wat was vir die Psalmdigter so kosbaar, dat hy 'n psalm daaroor moes skryf?

Dit lyk vir ons asof die man in die moeilikheid was. Party mense dink hy het in die tempel kom asiel soek.

Daardie dae was die tempel die veilige plek vir 'n vlugteling: As jy aan een van die pilare van die altaar kom vasgryp het, kon niemand jou aanraak of doodmaak of in hegtenis neem nie.

Hoor net sy openingswoorde: "Neem my in beskerming, o God. Ek soek skuiling by U." Hy kom veiligheid by sy Here soek. Waarom het hy juis hierheen gekom daarvoor?

Hy het 'n verhouding met die Here, hy is 'n verbondskind van die Here. Daarom het hy toegang tot die Here en maak hy aanspraak op die beskerming van die Here.

Hoor hoe hy dit sê: "Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af." Die digter juig: Ek het 'n Here na wie ek kan gaan vir beskerming en versorging
Dit is die pragtige deel wat vir hom afgemeet is. Hy sê: "wat ek ontvang het, is vir my mooi."

Waarmee stuur hierdie man ons dus op die pad? Niks minder nie as 'n kosbare geloofserfenis en 'n oproep tot geloofsoorgawe. Reik uit na God in jou tye van benoudheid en onsekerheid.

*(Vervolg op p2)*

## Oordenking: My erfenis is vir my mooi (verv)

Vertrou God om te voorsien in jou lewensbehoeftes. Is ons by ‘n punt in ons lewe dat baie dinge rondom ons wankel?
Maar die tyd sal nie net verlies wees, as dit ons terugdwing na die punt waar ons die Psalmdigter ontmoet, waar hy kom vasgryp het aan die Een wat hy leer vertrou het, om vir hom veiligheid en sorg en hoop te gee.

Dan sal ons werklik verstaan van hoe kosbaar ons geloofserfenis regtig is en hierdie tyd gebruik om vir ons opnuut te laat begryp wat Jesus se soenverdienste vir ons alles kom oopsluit het.

Ons geloofserfenis is vir ons inderdaad kosbaar, ver bo korale ……

**Ds. Wim Slabbert is van Faerie Glen, Pretoria** ❖

## WOORD DEUR DIE VOORSITTER: MIDDE UITDAGINGS HERDENK AFRIKANERS ONS ERFENIS

***Deur Dries Wiese***
***Voorsitter van die Nasionale Raad***

Die laaste maande was ’n tydperk van beduidende uitdagings vir Afrikaners in Suid-Afrika, gekenmerk deur ekonomiese druk, kulturele debatte, en politieke spanning rondom verskeie kwessies.

Heelwat is geskryf oor die Nasionale Konvensie as deel van die Nasionale Dialoog, wat op 15–16 Augustus 2025 by UNISA afgeskop het. Verskeie sektore is erken en hieruit moet ‘n voortsettingskomitee saamgestel word. Ons probeer nog deur insette na verskeie rolspelers om Tale en Kulture as ‘n sektor gevestig te kry. Die doelwitte met die dialoog is uiters idealisties. Om 10 000 000 Suid-Afrikaners in al die wyke te betrek is ‘n onmoontlike taak. Allermins kan dit in die hande van die regering gelaat word. Ons hoop is dat die Nasionale Stigtings en geloofsgemeenskappe die inisiatief vorentoe sal neem. Die Dialoog bied die potensiaal vir ’n platform vir Suid-Afrikaners om ’n gedeelde toekoms te beding en skeppend daarmee om te gaan.

***Vir Afrikaners was hierdie gebeurtenis ’n viering van kulturele erfenis, maar ook ’n herinnering aan die uitdagings om Afrikaans te beskerm in ’n land waar taal en veral Afrikaans soms as polities gemotiveerd beskou word.***

Daarom bly dit noodsaaklik dat Afrikaners, insluitend organisasies soos die Afrikanerbond, op elke moontlike forum, geleentheid en inisiatief in gesprekke betrokke raak. As ons ophou praat, verloor ons die morele stryd om ons kulturele identiteit, eiendomsregte en plek in Suid-Afrika te verdedig. Deur aktiewe deelname kan Afrikaners hoop en oplossings bevorder.

Die vraag wat opkom deur met 10 miljoen mense te skakel en net hul terugvoer te kry, omrede debat kan daar tog nie wees nie en mag die 10m burgers grootliks die gegriefdes, natuurlik ook sterk boodskappe oor grond en welvaart verdeling uitstuur. Hierdie is ‘n uiters ongemaklike scenario, want wat dan?

Ons is ook trots op die rol wat ons speel om in vennootskappe ons taal en kultuur uit te leef en te bevorder. Dit gebeur op talle plekke in die land. Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) Taalsimposium op 14 Augustus 2025, wat die 150ste herdenking van die GRA se stigting gevier het is een so ‘n voorbeeld.

Met die geleentheid waartydens talle kundige sprekers uit verskille perspektiewe gepraat het, het ons ‘n besondere mylpaal in die ontwikkeling van Afrikaans as ’n volwaardige taal gevier. Die simposium, het gefokus op die historiese en hedendaagse rol van Afrikaans in ’n diverse Suid-Afrika. Vir Afrikaners was hierdie gebeurtenis ’n viering van kulturele erfenis, maar ook ’n herinnering aan die uitdagings om Afrikaans te beskerm in ’n land waar taal en veral Afrikaans soms as polities gemotiveerd beskou word. Die simposium het gesprekke oor die rol van Afrikaans in onderwys en openbare ruimtes aangespoor, veral in die lig van persepsies dat Afrikaanssprekende gemeenskappe gemarginaliseer word. Tog het die viering ook ’n positiewe noot gebring, met klem op die veerkragtigheid van die taal en sy bydrae tot Suid-Afrika se kulturele mosaïek.

Op 9 September plaas ons die fokus op Grondhervorming en fasiliteer die Afrikanerbond die Ad hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte se eiendomsreg konferensie. Die konferensie kom op die besondere geleë tyd en in reaksie op pres. Ramaphosa se uitsprake oor grondhervorming, veral sy verwysings in Zimbabwe ‘n paar dae gelede toe hy die grondhervormingsprogram van Zimbabwe in die 1980’s geloof het. Die grootskaalse grondgrype wat gevolg het is egter verswyg. Dit bly duidelik dat die president in ‘n vakuum is en idealistiese uitsprake maak sonder om die impak daarvan te verreken. Pres Zuma het ook net voor sy verwydering as president sterk uitgekom vir drakoniese grond revolusie. Die beskerming van eiendomsreg, ’n kwessie wat sensitief is vir Afrikaner-boere en ander grondeienaars is ‘n belangrike fokus en moet ons die aandag deurentyd daarop vestig. Dit bly belangrik dat dit nie net ‘n internasionale en VSA fokus het nie. Pres Ramaphosa se opmerkings oor Zimbabwe, waar grondhervorming tot ekonomiese chaos gelei het, bring nie rustigheid nie. Inteendeel dit verskerp angstigheid en kommer dat Suid-Afrika ’n soortgelyke pad kan volg onder die huidige regering. Ons het in die verlede gewaarsku teen die risiko’s van onteiening sonder vergoeding, met verwysings na Zimbabwe se mislukte beleide. Ons kan ook na Tanzanië en Algerië se katastrofiese hervormingsprogramme kyk waar onteiening sonder vergoeding toegepas is. Prof William Gumede

*(Vervolg op p3)*

## Woord deur die Voorsitter: Midde uitdagings herdenk Afrikaners ons erfenis (verv)

gaan die gevalle studies uitlig tydens die komende konferensie. Die konferensie sal ook moontlike strategieë bespreek om eiendomsreg grondwetlik te beskerm en om druk op die regering uit te oefen vir 'n deursigtige en regverdige hervormingsproses.

Vir Afrikaners, veral dié in die landbou, is grondhervorming 'n sensitiewe kwessie. Ramaphosa se ondertekening van die Onteieningswet vroeër in 2025, wat poog om ANC mislukkings onder die mat in te vee het geregverdigde vrese gewek oor die potensiële impak op kommersiële boere, van wie baie Afrikaners is.

Ten spyte van die uitdagings is daar redes vir optimisme. Die gesprekke by dialoë en konferensies het die veerkragtigheid van Afrikaans en die Afrikaner-identiteit beklemtoon, en getoon dat kulturele erfenis 'n bron van krag kan wees in 'n diverse samelewing. Die Ad hoc Groep se komende konferensie onderstreep die belangrikheid van konstruktiewe dialoog oor grondhervorming.

Afrikaners het histories bewys dat hul bydraes tot Suid-Afrika se ekonomie, kultuur, en samelewing betekenisvol is, en hierdie erfenis kan voortbou op 'n inklusiewe toekoms.

Erfenisdag op 24 September 2025 bied weer aan Afrikaners 'n kosbare geleentheid om hul ryk kulturele tradisie te vier en te herbevestig in 'n tyd waar ekonomiese en politieke uitdagings soms die fokus kan verskuif na stryd en onsekerheid.

Erfenisdag wat oorspronklik as 'n viering van Suid-Afrika se diverse kulture begin het, is vir Afrikaners 'n kans om trots te wees op hul unieke bydraes tot die land se geskiedenis, taal, en lewenswyse. Vanaf die poësie van Eugène Marais tot die musiek van moderne Afrikaanse kunstenaars, weerspieël die Afrikanertradisie 'n diepgewortelde kreatiwiteit en hoop.

Hierdie erfenis, wat deur geslagte heen gevoer is, verdien om gevier te word, of dit nou deur tradisionele braaivleis, volkspele, of die sing van Afrikaanse liedere is. Die viering van Erfenisdag is ook 'n uitnodiging om die Afrikaanse taal, wat deel van ons identiteit vorm, in die kollig te plaas. Afrikaans, met sy ryk woordeskat en uitdrukkingskrag, is nie net 'n kommunikasiemiddel nie, maar 'n draer van geskiedenis, stories, en waardes.

***Deur ons erfenis lewendig te hou in huise, skole, en openbare ruimtes, bou Afrikaners 'n brug na die toekoms waar hul kultuur voortleef en floreer.***

Deur ons erfenis lewendig te hou in huise, skole, en openbare ruimtes, bou Afrikaners 'n brug na die toekoms waar hul kultuur voortleef en floreer. Erfenisdag is ook 'n geleentheid om die Afrikanergemeenskap se historiese bydraes tot Suid-Afrika se ontwikkeling te eer, veral in sektore soos landbou, die ekonomie en industrieë.

Die stoere gees van die Afrikaner pioniers, wat uitdagende omstandighede oorwin het om infrastruktuur, te ontwikkel en te vestig bly 'n inspirasie. Hierdie vieringe hoef nie in isolasie plaas te vind nie; Afrikaners kan hul tradisies met ander Suid-Afrikaners deel, en sodoende wedersydse begrip en waardering bevorder in 'n land wat deur diversiteit gekenmerk word. Kulturele erfenis bly 'n bron van krag en trots.

Ons kan Erfenisdag benader met 'n viering van wie ons is en dat ons met trots en selfvertroue kan bydra tot 'n sterker, Suid-Afrika. ❖

---

## GELOOF, HOOP EN LIEFDE DEUR AFRIKAANS

***Deur Jan Bosman***
***Hoofsekretaris van die Afrikanerbond***

Benewens amptelike Afrikaans se 100 jaar viering vroeër die jaar, was dit ook die 150-jaar viering van die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in Paarl op 14 Augustus 1875.

Om die GRA stigting te vier het die Afrikanerbond die verantwoordelikheid aanvaar om saam met die FAK die ***GRA150 – Taalsimposium*** te reël, wat plaasgevind het op Donderdag 14 Augustus 2025 in die Krugergalery by die Voortrekkermonument.

Kundige sprekers van verskeie organisasies het deur die loop van die oggend binne die tema ***"'n Voëlvlug oor die geskiedenis van die Afrikaanse taal"*** onder andere gekyk na die ontstaan van Afrikaans met 'n fokus op Afrikaans se Suidelike sowel as Noordelike bakens, Afrikaans as geloofstaal, Afrikaans as onderwyser en opvoeder en akademiese taal, mediataal, en ook oor die toekoms van Afrikaans. Die Taalsimposium kan by Youtube besigtig word by: https://www.youtube.com/watch?v=bizg27W3pYw&t=430s

Maroela Media het ook reeds verskeie van die aanbiedings gepubliseer en die FAK se verslag oor die kortlikse insette van elke spreker kan by die volgende skakel gelees word. https://fak.org.za/taalsimposium-van-bybelbehoefte-tot-gevestigde-taal/

Heelwat uiteenlopende perspektiewe is tydens die taalsimposium gedeel, maar dit is ook belangrik om die GRA self van nader te beskou met die embleem as vertrekpunt.

In my lees van die GRA geskiedenis was ek veral getref deur die sterk Christelike karakter van die ontstaan en ook die embleem van die GRA. Dit verg verdere besinning. In die FAK se kultuurdagboek lees ons die

*(Vervolg op p4)*

## *Geloof, Hoop en Liefde deur Afrikaans (verv)*

volgende belangrike verwysing. “Indien Afrikaans algemeen in gebruik is, sou die Bybelvertaling waarna Arnoldus Pannevis gestrewe het, vergemaklik word. Dit is dan ook na aanleiding van Arnoldus Pannevis se korrespondensie met die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap (BBBG) oor die vertaling van die Bybel in Afrikaans, dat die vergadering plaasgevind het.”

Arnoldus Pannevis wat in 1838 in Oudekerk, Holland, gebore is, het in 1866 in die Kaap aangekom. Hy was ‘n baie gelowige persoon en hy wou graag hê dat die Bybel in Afrikaans vertaal word en het hom sterk daarvoor beywer.

Die ontstaan van Afrikaans en die geweldige behoefte aan 'n Afrikaanse Bybel was dus die fondament van die GRA. Die ontwikkeling van tale is natuurlik nie uniek in die wêreld en die Bybel se geskiedenis nie. Toeganklikheid tot die Bybel is oor eeue van groot belang. Die geskiedenis verwys na:

- Die Ou Testament wat omstreeks die 3de eeu v.C. vanuit Hebreeus na Grieks vertaal is vir die Griekstalige Joodse diaspora in Alexandrië. Hiermee is die Bybel toeganklik gemaak vir 'n breër gehoor en het die verspreiding van Joodse geloof vergemaklik.
- In die 4de eeu n.C. is die Bybel in Latyn vertaal (die Vulgata), wat die standaardteks vir die Rooms-Katolieke Kerk geword het vir eeue. Dit het Latyn gevestig as die "heilige taal" van die Westerse Christendom.
- Baie eeue later en met die Hervorming in die 16de eeu het figure soos Martin Luther die Bybel in plaaslike tale (bv. Duits) vertaal, wat geloof meer toeganklik gemaak het vir gewone mense. Dit het taalontwikkeling aangemoedig, aangesien Bybelvertalings dikwels die standaardisering van plaaslike tale beïnvloed het (bv. Luther se Duitse vertaling het moderne Hoogduits gevorm).

Die Bybel in Afrikaans was dus die sentrale tema beide van die GRA in hulle taalontwikkeling en stigtingsdoelwit maar ook in die embleem van die GRA, net soos wat die Bybel sentraal staan in die gereformeerde kerke. *“Sola scriptura*” (die Skrif alleen) bly een van die hoekstene van die gereformeerde of protestantse belydenisskrifte.

Ons moet ook die GRA se ontstaan beoordeel in die geskiedenis van die tyd. Vanuit die 1934 publikasie, “Afrikaanse Literatuurgeskiedenis” deur Dr G Dekker, destyds professor in die Afrikaanse Letterkunde aan die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys, word die regering se taalbeleid teenoor Afrikaans gedurende die laaste kwart van die 19de eeu beskryf.

> *“Wat sy taal betref, het die Afrikaner in verdrukking gelewe. Vanaf die finale oorgawe van die Kaap aan Engeland het die goewerneurs daarna gestrewe om die Kolonie in alle opsigte te verengels. Veral die taalbesluite van Lord Charles Somerset (vanaf 1822) is berug. Op alle terreine van die openbare lewe is Engels tot die enigste offisiële taal verklaar. Nederlands, wat die Hollandse koloniste nog as hulle moedertaal beskou het, is uit die goewermentskantore, uit die geregshowe, uit die goewermentskole verban. Ons het almal al verhale gehoor van die strawwe wat aan die skoolkinders opgelê is as hulle hul eie taal gepraat het! Self word ‘n aantal Skotse predikante ingevoer en sterk pogings in die werk gestel om die Kerk te verower vir Engels — nie sonder ‘n groot mate van sukses nie!”*




Ironies dat ons in 2025 weer dieselfde probleme ervaar met 'n regering wat Afrikaans beslis nie goedgesind is.

Sentraal tot die GRA embleem staan die Bybel en die kruis met die woorde Geloof, Hoop en Liefde. Vanuit die 2020 Afrikaanse vertaling van die Bybel is

1 Korintiërs 13:13 “En nou bly geloof, hoop en liefde, hierdie drie – maar die grootste hiervan is die liefde.”

Wat ‘n voorreg om nog steeds die Bybel in Afrikaans te kan lees en dat daar in die 150 jaar sedert die stigting van die GRA al soveel vertalings was. Dit demonstreer Afrikaans se voortdurende ontwikkeling as ‘n geloofstaal.

Terug na die GRA en die embleem met al sy simboliek. Die kruis is die simbool van die Christendom. Dit verwys na Jesus Christus se sterwe aan die kruis. In die Christelike tradisie is die anker in die GRA se embleem 'n simbool van hoop en standvastigheid, geïnspireer deur Hebreërs 6:19 in die Bybel, waar hoop beskryf word as "’n anker vir die siel, vas en seker." Dit was veral gewild in die vroeë Christendom en is in die 19de eeu gebruik in kerklike en persoonlike embleme om geloof en vertroue in God uit te druk.

In die 19de eeu was die anker 'n algemene simbool op grafstene, kerklike baniere, en godsdienstige kuns, veral in Protestantse en Katolieke gemeenskappe. Dit is dikwels saam met ander simbole soos die kruis of hart gebruik om geloof, hoop, en liefde uit te beeld.

Hoop verwys natuurlik ook na die Kaap die Goeie Hoop. Bartolomeus Dias, het in 1488 om die Kaap gevaar en was dit eers bekend as die “Kaap van

*(Vervolg op p5)*

## Geloof, Hoop en Liefde deur Afrikaans (verv)

Storms." Koning Johan II van Portugal (Portugees João II) wat van 1481 tot 1495 regeer het, het die naam verander na "Cabo da Boa Esperança" oftewel Kaap de Goeie Hoop. Die nuwe naam is gekoppel aan die geloof dat die ontdekking van die Kaap 'n goeie teken was en dalk Hoop dat Indië per see vanaf Europa bereik kon word. Dit is inderdaad in 1498 deur Vasco da Gama bereik. Die anker het natuurlik ook 'n besondere betekenis vir gemeenskappe met maritieme verbintenisse soos die Kaap.

Hoe maak ons dit alles van toepassing in 2025. Afrikaans se vermoë om emosie, eenvoud en beeldspraak te kombineer, maak van ons taal 'n kragtige medium om hierdie Bybelse begrippe uit te druk. Die taal se kulturele konteks – gewortel in 'n geskiedenis van ons gemeenskap se geloof en volharding – versterk die toepassing van geloof, hoop en liefde. Byvoorbeeld:

- Geloof word in Afrikaanse spreekwoorde soos "geloof kan berge versit" lewendig.
- Hoop skyn deur in uitdrukkings soos "môre is 'n nuwe dag", wat optimisme en vertroue in God se voorsiening uitdruk.
- Liefde word vasgevang in die Afrikaanse begrip van "omgee vir mekaar", wat gemeenskap en opoffering beklemtoon.

Afrikaans se rykdom lê in sy vermoë om hierdie universele Bybelse waarhede met warmte, opregtheid en kulturele relevansie uit te druk, wat geloof, hoop en liefde lewendig maak in die harte van sprekers.

Ons kan dus met groot erkenning en met alle eer aan die lede van die Genootskap van Regte Afrikaners in 2025 hulde bring. In 1875 het die GRA Geloof, Hoop en Liefde in hulle embleem verewig. Vandag kan ons die Bybelse begrip ook van toepassing maak deur te bevestig dat ons geloof het in ons vermoë om die taal te beskerm, te handhaaf en uit te bou. Dit sal vir ons hoop gee vir die volgende 100 jaar en deur elke dag te bid, te lees en ons taal te koester kweek ons 'n liefde vir die taal.
Mag Afrikaans van krag tot krag gaan.

Hierdie artikel is op 25 Augustus 2025 by Maroela Media gepubliseer
https://maroelamedia.co.za/afrikaans/geloof-hoop-en-liefde-deur-en-vir-afrikaans/ ❖

---

## ONTEIENING SONDER VERGOEDING - WAARMEE IS PRES RAMAPHOSA BESIG?

***AB Standpunte in 'n hedendaagse konteks***

Op Vrydag 29 Augustus 2025 open Pres Ramaphosa die Zimbabwe landbouskou in Harare.
Die woorde wat gebruik is moet ook gesien word in die lig van die omstrede onteieningswet wat onteiening sonder vergoeding moontlik maak en wat in Januarie 2025 onderteken is. In die teks van die toespraak die volgende:

> *On independence in 1980, the new democratic government of Zimbabwe had to take on the momentous task of dismantling colonial-era patterns of land ownership.*
>
> *Most of the country's commercially productive land and large-scale commercial farms were owned by whites. The black majority was confined to communal lands and all but completely excluded from commercial farming.*
>
> *This mirrored our own experience in South Africa.*
>
> *It was therefore essential – for both historical redress and food security, development and economic growth – that the government embarked on ambitious reforms to facilitate the entry of black Zimbabweans into productive agriculture, including support to small-scale farmers.* *(Lees die toespraak hier)*

Nie 'n woord oor die grootskaalse grondgrype wat plaasgevind het en die land in 'n ekonomiese afgrond ingestuur het nie. In stede word die probleme in landbou in die toespraak toegeskryf aan klimaatsveranderings, droogte, landbou verwante siekte soos voëlgriep en andere.

Die toespraak en lofprysinge vir Zimbabwe gegewe ons eie geskiedenis met die ANC se wetwysigings om onteiening sonder vergoeding moontlik te maak kan nie 'n skok vir iemand wees nie. Dit nadat die ANC onsuksesvol was om die grondwet te verander om dit moontlik te maak.

Dit is lankal reeds duidelik dat die ANC met sy rug teen die muur staan wat grondhervorming en ander beleidsaspekte aanbetref. Dekades se wanbestuur, mislukkings, korrupsie, beleidsomekerings, ideologiese verwarring en verwerping van enige goedbedoelde advies en duidelike en bewese grondvoorstelle het die ANC in 'n posisie geplaas waaruit hy nie meer kan ontsnap nie. Die enigste ontsnaproete is om 'n moontlike konstitusionele krisis te skep deur wetswysigings aan te bring. Ongelukkig kan niemand se versekeringe dat dit nie groter onsekerheid of ekonomiese rampspoed sal bring nie, geglo word nie.

***Die ANC se vermoë om suksesvol grondhervorming binne 'n raamwerk van onteiening sonder vergoeding te doen .***

Die ANC se vermoë om suksesvol grondhervorming binne 'n raamwerk van onteiening sonder vergoeding te doen word deur sy eie rekord van regering ondermyn. Die ANC se dae as bevrydingsbeweging en meerderheidsparty is getel. Alle beskikbare data dui daarop. Onteiening sonder vergoeding was 'n laaste desperate poging om kiesersimpatie te wen.

*(Vervolg op p6)*

## *Onteiening sonder vergoeding - Waarmee is Pres Ramaphosa besig? (verv)*

Dit bly egter werklik verstommend jammer dat mnr Ramaphosa sy eie integriteit op die spel plaas om die ANC te probeer red. Ons kan nie meer staatmaak op die ANC se ondernemings en versekeringe dat onteiening sonder vergoeding nie sal plaasvind nie. Die lofprysinge aan Zimbabwe moet die oogklappe verwyder van diegene wat dalk nog die beloftes glo.

Wat duidelik geword het met die lofprysinge in Zimbabwe, is dat geen waarborg in die grondwet meer veilig is nie want politieke belang weeg swaarder as konstitusionele belang en grondwetlike regte en waardes. Eiendomsreg is die eerste grondwetlike reg om te sneuwel. 'n Desperate ANC is 'n gevaarlike ANC.

Suid-Afrika betaal die laaste paar jaar die duur prys van ANC beleidsmislukkings. Die ideologie van sentralisering deur transformasie het die laaste maande geblyk uit die BELA wetgewing, Eiendomsreg wat verskraal word deur die onteieningswetgewing, gesondheid wat op die spel geplaas word met die beoogde Nasionale Gesondheidsversekering, BEE wat al meer misluk en met 'n R100 miljard fonds gestut moet word en vele meer.

Reeds by verskeie geleenthede die jaar het president Ramaphosa bevestig dat die Regering van Nasionale Eenheid die Nasionale Demokratiese Revolusie moet bevorder. Dit bly dus die onderliggende leitmotiv vir die ANC.




Die President het met die ondertekening van die wetgewing weer eens die Nasionale Demokratiese Revolusie bo die grondwet geplaas en eerder sy interne faksies getroos en daardeur die sukses en voortbestaan van die Regering van Nasionale Eenheid op risiko geplaas. Sy uitsprake in Zimbabwe bevestig dit opnuut.

Kom ons luister ook na Prof William Gumede van die Wits Skool van Goeie Regering in sy ontleding van drie gevalle studies in Afrika wat onteiening sonder vergoeding toegepas het met katastrofiese gevolge vir die lande. Prof Gumede skryf in Sunday Times op 4 Julie 2021

(Uit Engels vertaal) *In Algerië, Tanzanië en Zimbabwe het grondonteiening met vergoeding vertroue in die eiendomstelsel, die finansiële stelsel wat die ekonomie ondersteun, en markvertroue ondermyn. Die drie Afrikalande wat sedert die Tweede Wêreldoorlog grondonteiening sonder vergoeding nagestreef het – Algerië, Tanzanië en Zimbabwe – het gesien hoe hul ekonomieë ineenstort en hul geldeenhede en voedselproduksie ineenstort.*

*In Algerië en Tanzanië het die staat die onteiende grond oorgeneem. In Zimbabwe het daardie grond meestal gegaan na goed gekonnekteerde Zanu-PF-partyleiers, na voormalige oorlogsveterane en tradisionele leiers wat aan die regerende party gekoppel is, en die res na boere wat partyondersteuners was.*

*Dit het die stelsel van krediet aansoeke gebaseer op 'n mens se bates ontwrig. Die onteiening van grond sonder vergoeding het die vertroue in die reg om enige ander bate te besit – of dit nou eiendom, besigheid of myne is – ondermyn as gevolg van die ineenstorting van vertroue in die ekonomiese stelsel wat veroorsaak is deur die vernietiging van die reg op eiendom.*

*Buitelandse en plaaslike beleggers het hul geld uit die land verskuif – en begin desinvesteer omdat hul bates nie veilig was nie. Daar was grootskaalse kapitaal-, beleggings- en vaardigheidsvlugte uit hierdie Afrikalande.*

*Voedselsekerheid het amper onmiddellik ineengestort. Landbouproduktiwiteit, pryse en markte het ineengestort. Tekorte aan basiese voedsel, hongersnood en werkloosheid het onmiddellik toegeneem.*

*Hierdie lande se geldeenhede het ineengestort, inflasie het buite beheer geraak en besighede het ineengestort. Werkloosheid het gestyg. Hul ekonomieë het oornag ineengestort, om nie in generasies te herstel nie.*

Waarom sal president Ramaphosa dit goeddink om die Zimbabwe gevallestudie te prys. Is dit die ANC se plan vir Suid-Afrika? Ten spyte van al die gevallestudies in Afrika wil die ANC volhard met 'n uitkoms wat slegs ellende en katastrofiese ekonomiese gevolge vir die lande in Afrika ingehou het. Is die ANC verby die punt van omgee in sy desperate pogings om populistiese beleide toe te pas?

Op 9 September 2025 het die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte 'n Eiendomsreg konferensie by TLU SA se kantoor in Silverton. Tydens die geleentheid praat kundiges sowel as buitelandse kommentators oor die kwessie.

Tydens hierdie konferensie sal belanghebbendes soos politici, regslui, beleidmakers, gemeenskapsleiers en sakelui byeengebring word om perspektiewe te deel. Sprekers wat reeds bevestig is sluit in Proff. Andre Duvenhage van NWU en William Gumede van Wits se School of Governance, Hans-Jurie Moolman, regskundige oor eiendomsreg, Piet Le Roux van Sakeliga, Dr Corné Mulder van die VryheidsFront Plus, Phumlani Majozi skrywer en kommentator, en Dave Steward.

Ons nooi ons lede hartlik uit om die konferensie te ondersteun. Registrasie: Volg die skakel https://bit.ly/45d1nlJ ❖

# BELA KONSEPREGULASIES - NUWE STRYDFRONTE, OU SPELERS

**Moedertaalonderrig moet die beste moontlike verdrag kry.**

***Deur Frederik van Dyk***

*Onderstaande is gepubliseer op Ontlaer ('n aanlyn gespreksforum) en met die instemming van Frederik van Dyk en met erkenning van Ontlaer plaas ons dit graag. Die Afrikanerbond se kommentaar word hierop gebaseer.*

Goewermentskennisgewings in die *Staatskoerant* sorg nie normaalweg vir opwindende leesstof nie. *GK* 53119 en 53120, wat die Minister van Basiese Onderwys Siviwe Gwarube se konsepregulasies oor die BELA-onderwyswet in volume 722 van die *Staatskoerant* boekstaaf, dra op die oog af reeds saai burokratiese opskrifte wat vir die gewone ou op straat moontlik verveliger as 'n koppie koue tee op die rusbank voor die sportkanaal kan wees.

Vir die gesoute skaak- of gholfspeler sal die BELA konsepregulasies dalk meer bekend lyk: op die oog af stil, passief en sonder ooglopende omstredenheid, maar op die bord of baan voor jou lê die opgeslote vermoë tot strawwe mededinging.

**Hoe hier gekom?**

Die feit is dat die DA met terugskouing 'n uiters moeilike balanseertoertjie met die BELA wet moes uitvoer (toegegee, die uwe was self semi-histeries en krities oor die skynbare onbeholpenheid van die DA as laaste hoop teen BELA se wetswording).

Die President en sy party het na die vorming van die RNE hulle agterente aan die teenstanders van die BELA wet afgevee. Die DA-gevulde ministerspos van basiese onderwys het wel vir die blou party se ondersteuners en diegene wat hul misnoeë met BELA in November verlede jaar treffend in oranje laat blyk het, 'n tikkie hoop gegee.

Teen Desember 2024 moes Steenhuisen watertrap, nadat Ramaphosa die NEDLAC-skikking tussen die regering en Solidariteit gewoon geïgnoreer en die BELA wet onderteken het. Terwyl die druk opgelaai het, moes Kabinetslid Gwarube 'n tegnokratiesonpartydige gesig voorhou, wat kennelik uiters ingewikkeld was. SADOU het lankal bloed geruik en gedreig en geblaas; die Afrikaanse gemeenskap was millimeters daarvan weg om 'n algemene verraadsweersin teen die DA te ontwikkel.

Oplaas het die Minister onderneem om sogenaamde "riglyne" te skryf en te publiseer, wat tyd sou koop alvorens regulasies uitgevaardig word. Die riglyne is uiteindelik, onder die protesgeskal van SADOU en parlementêre komiteelede dat Gwarube slegs by magte is om regulasies op te stel, in Junie vanjaar gepubliseer. Die Minister het haar riglyne openlik verdedig met verwysing na haar grondwetlike magte, maar dit is opvallend dat die konsepregulasies nie baie lank na hierdie relletjie gepubliseer is nie, synde dan op 6 Augustus 2025. Dit trek die tydkoop-teorie oor die riglyne in die twyfel; dit kan ook wees dat die Minister se regsdiensleweraars gewoon vinger in die vars lug gekry en die wetskryfpenne skerpgemaak het.

**Moontlike strydfronte**

Die voordeel van Gwarube se ministerskap is nie net dat sy tog op talle vlakke haar party as klankbord moet gebruik ten einde politieke begronding te behou nie, maar dat die bal nou in die baan van die voorstanders van 'n radikale uitleg van BELA is om haar regulatoriese magte en magsuitoefening aan te vat.

Die bewyslas is verskuif, wat vir die teenstanders van die groter BELA-ideologie kans gee om die besware en verwyte teen die Minister se konsepregulasies en ander magsbesluite onder oënskou te neem. Die BELA-voorstanders en Lesufi's van die onderwysomgewing sal nou hul kaarte moet speel, wat nuttig kan wees vir doeleindes van litigasiestrategieë. Soos wat Internet Freud of Jesaja of Amos van Tekoa vermoedelik gesê het: *Si vis pacem, para bellum*. Soek jy vrede? Berei voor vir oorlog.

Die regulasies in *GK* 53120 vervat reëlings rondom kapasiteitsbepaling in openbare skole. In paragraaf 4 word minimumfaktore uiteengesit wat by kapasiteitsbepaling betrek moet word. Benewens faktore wat binne die sigbare refrein van wanbestuur en swak beplanning teen die bygeloof dat Afrikaanse skole halfvol sentrums van onregverdige bevoorregting is, sal inwerk, word die gedagte van parallel- of dubbelmedium onderrig in paragraaf 4 sterk gekwalifiseer deur die "vaartbelyndheid" en "bestuurbaarheid" van die kurrikulumaanbod. Akademiese prestasie word subtiel hier gehaak aan die beste belang van die leerder-kind, wat natuurlik die grondslag vorm van die Grondwet se Artikel 28 oor kinderregte.

***Die bewyslas is verskuif, wat vir die teenstanders van die groter BELA-ideologie kans gee om die besware en verwyte teen die Minister se konsepregulasies .***

Daar sal nie maklik onder hierdie regulasie plek wees vir Lesufi om hond se gedagte oor Afrikaanse kurrikula te kry nie.

Vir BELA se teenstanders, vir wie kapasiteit nog altyd onlosmaaklik verbind is met die vereistes van onderrigtaal, skep *GK* 53120 'n keurstel van faktore waaraan die optrede van provinsiale amptenare getoets kan word. Die koers waarteen amptenare administratiefregtelik avers optree, is natuurlik 'n takties voordelige vooruitsig vir die voorstanders van openbare skole wat vry is van staatsinmenging en onderrig-deurdiktaat.

**Toelatingsregulasies: 'n Regspolitieke skaakbord**

*GK* 53119 het groter potensiaal om 'n regspolitieke skaakbord te word, indien nie 'n *links*-baan vol potbun-

*(Vervolg op p8)*

## Bela Konsepregulasies - Nuwe strydfronte, ou spelers (verv)

kers vir alle rolspelers nie. Hoewel dit toelatingsbeleid poog reguleer, is daar nie 'n omskrywing van byvoorbeeld onderrigtaal in die omskrywingsblad nie. Die Minister beoog nog om 'n afsonderlike stel regulasies oor taalbeleid uit te vaardig, siende dat bepalings oor taal en toelating - hoewel verbind - op verskillende plekke in die BELA wet vervat word.

Die regulasies plaas gelukkig 'n skynbare premie op bewoording wat *samewerking* tussen HOD's (hoofde van departemente) en beheerrade voorsien. HOD's kry ook lywige takies, soos om "duidelike prosesse vir leerdertoelating nie later nie as Meimaand van die voorafgaande skooljaar" af te handel. Dit skep 'n hekkie waar kwaadwillige HOD's maklik in prosedurele onregmatigheid kan vasval.

Die toelatingsbeleid van 'n skool moet nie net rasioneel en regverdig wees nie, maar moet sewe faktore inreken, onder andere die "demografie en onderwysbehoeftes van die omliggende omgewing, met inbegrip van taal en die getal verpligte skoolgang-ouderdom leerders". Die verwysing na die omliggende omgewing is 'n ooglopende strydpunt: waar is die grense van die omliggende omgewing? Op die platteland sal hierdie omligging anders lyk as in die stede. Verder, wat is die maatstaf vir doeleindes van taal en demografie in die omliggende omgewing? Werk ons met proporsionaliteit of eenvoudige meerderheid/minderheid berekeninge? Indien laasgenoemde, sal die uitkoms omtrent in alle gevalle teen Afrikaanse onderrig inwerk, en omtrent teen elke onderrigtaal behalwe Engels.




Die beskikbaarheid van skole in 'n gebied, die hulpbronne beskikbaar en departementele planne vir die uitbreiding van skoolinfrastruktuur is verdere belangrike faktore vir die opstel van skooltoelatingsbeleide. Dit opper nog 'n strydvraag: as die onderwysowerhede nie planne het om uit te brei nie, maar hulle *behoort* dit te doen, kan hulle staatmaak op die afwesigheid van beplanning om aan te voer dat 'n tekort aan kapasiteit in 'n gebied beteken dat bestaande hulpbronne fyner herverdeel moet word?

Met ander woorde en byvoorbeeld, kan 'n Afrikaanse enkelmedium skool gedwing word om Engelsmedium onderrig by te werk wanneer die departement nie eens probeer het om planne vir die uitbreiding van skoolinfrastruktuur ter tafel te lê nie? Teen die agtergrond van Grondwethofuitsprake oor positiewe verpligtinge op die staat wat betref die verskaffing van middele om basiese regte gestand te doen (soos *Grootboom* of *TAC*) is hierdie 'n dwingende regsvraag.

**Skuiwergate en 'n uitleg van "breër behoeftes"**
Die berugte propagandistiese taktiek om leerders "in te bus" na skole, om dan beheerrade en dagbesture in uiters moeilike posisies te plaas, word ingeperk deur die regulasie in paragraaf 6(2) dat HOD's wat hul eindmagtiging uitvoer om 'n leerder in 'n skool toe te laat, eers die beheerraad skriftelik moet verwittig en die beheerraad 'n "redelike geleentheid [moet] gun" om terugvoer te gee.

Volgens paragrawe 6(3) en (4) is die redelikheid, wetlikheid en prosedurele billikheid (dus, die administratiewe besluitneming) van 'n HOD se besluite van 'n lywige lys oorwegings afhanklik. "Breër behoeftes van die gemeenskap" staan hier uit: weereens, watter gemeenskap is ter sprake? Waar is die grense daarvan, en is daar sinvolle grense? Dit is moontlik, wat my betref, om "breër behoeftes" saam te lees met "omliggende omgewing" en die begrip nader aan die groter behoeftes, strewes en volhoubaarheid van gevestigde taalgemeenskappe in 'n gebied te uit te lê.

Dit blyk wel by lees van paragraaf 7 - oor die hersieningsversoek wat 'n HOD aan 'n gegewe beheerraad kan rig wanneer 'n gegewe skool se toelatingsbeleid as ontoereikend beskou word - dat daar 'n skuiwergat ontstaan om die lywige paragraaf 6 vereistes te ontduik. Anders as elders in die konsepregulasies, word die beheerraad nie in paragraaf 7 die geleentheid gegun om kapsie te maak of vertoë te rig sou dit voel dat die HOD se besluit onredelik of andersins gewoon verkeerdelik geneem is nie. 'n HOD wat gekant voel teen die lywige besluitnemingsproses in paragraaf 6(4) ('n proses wat, kernbelangrik, "per leerder" funksioneer en dus nie massatoelatings met 'n enkele besluit magtig nie) kan soos sake nou uitsien gewoon die beheerraad beveel om hul toelatingsbeleid te wysig ingevolge paragraaf 7. Dit plaas die bal in die beheerraad se baan, en die HOD kan op hierdie manier toelatings bewimpel wanneer hul weet dat die redes wat hul ingevolge paragraaf 6(4) moet verstrek, nie werklik water hou nie.

**Oor onbillike diskriminasie**
Laastens verbied die konsepregulasies natuurlik toegangsweiering op grond van onbillike diskriminasie, wat onder andere "taal" vermeld.

Hierdie strydpunt gaan met verwysing na die BELA wet self en die ouer grondwetlike uitsprake oor taal- en toelatingsbeleid nog moontlik 'n geweldige kwelpunt word. Die toets vir onbillike diskriminasie in *Harksen v Lane*, synde die posisionering van uitgeslotenes in die samelewing, hul geskiedenis van diskriminerende slagofferskap, gekoppel met die doel en teiken van die

*(Vervolg op p9)*

## Bela Konsepregulasies - Nuwe strydfronte, ou spelers (verv)

uitsluitingsbesluit en die mate van impak op die uitgeslotenes, sal hier inspeel. Tot dusver het die toets geneig om volgens 'n binêre historiografie van Suid-Afrika se geskiedenis te werk.

Maar dit is denkbaar dat die uitdagings wat Afrikaanse onderrig en die taalekosisteem in die gesig staar, die druk wat dit ook geskiedkundig ervaar het en steeds ervaar, asook die lofwaardige en menswaardige doelwitte daarvan as manifestasie van geslaagde moedertaalonderrig, die knoop hier kan help deurhaak. Selfs belangriker, moet impak op uitgeslotenes vir doeleindes van die *Harksen* toets teen die agtergrond van die staat se 30 jaarlange versuim om moedertaalonderrig en skoolinfrastruktuur uit te brei, verstaan word. Staatsversuim behoort nie deur regulasies die skoolgemeenskap se probleem te word nie.

Die konsepregulasies, ten slotte, bied hoop. Maar dit is nou belangrik dat die pedaal weer vasgetrap word, sodat die reeds gunstige Ministerie soveel aanbevelings as wat ingedien kan word kan oorweeg, sodat die omvattendste toevoegings doenlik bygewerk kan word.
Lees die artikel aanlyn https://www.ontlaer.co.za/p/bela-konsepregulasies-nuwe-strydfronte

*Die Afrikanerbond se kommentaar oor die BELA regulasies word nou gefinaliseer vir indiening teen 5 September.* ❖

---

## NEASA EN SAKELIGA OOR GELYKE INDIENSNEMING - APPELLEER GEBREKKIGE UITSPRAAK

*Met die instemming van NEASA het die Afrikanerbond die onderstaande verklaring na Afrikaans laat vertaal.*

**NEASA en Sakeliga gaan 'n direkte appèl by die Konstitusionele Hof aanhangig maak om 'n kernliggend gebrekkige uitspraak van die Pretoriase Hooggeregshof gister tersyde te stel nadat die hof ons aansoek om 'n interdik teen die nuwe gelyke-indiensnemingkwotas van die hand gewys het.**

Hierdie uitspraak noop NEASA en Sakeliga om verdere teenmaatreëls te ondersoek. Ons sal nie opgee totdat hierdie skadelike en ongeregverdigde staatsingryping omgekeer of herroep word nie.

Verantwoordelike werkgewers moet probeer om die skade van hierdie absurde regulasies te beperk. Ons sit NEASA en Sakeliga se hieropvolgende stappe hieronder uiteen, gevolg deur belangrike aanbevelings vir werkgewers.

**VOLGENDE STAPPE DEUR NEASA EN SAKELIGA**

NEASA en Sakeliga volg nou drie primêre roetes:

**1. Direkte appèl by die Konstitusionele Hof oor Deel A:** Ons gaan direk by die Konstitusionele Hof appelleer om die Hooggeregshof se beslissing tersyde te stel en die interdik toe te staan wat in Deel A van ons aansoek versoek word. Deel A versoek dat die implementering van die teikens en regulasies wat vanaf 1 September 2025 geïmplementeer moet word, verbied en/of opgeskort moet word.

Die Hooggeregshof se uitspraak fouteer deurdat dit, onder andere, nie die grondwetlike aard van die saak, die geskiktheid van 'n interdik teen die werking van onwettige regulasies, en die vereistes vir konsultasie voor die uitvaardiging van regulasies in ag neem nie.

Om prosedurele redes sal hierdie direkte appèl met 'n parallelle appèl by die Hoogste Hof van Appèl aangevul word.

2. **Gaan voort met Deel B soos beplan:** Ons gaan voort, soos beplan, met die tweede deel van die hofsaak om die Wet en kwotas te stop, ongeag die dringende (eerste) deel van die aansoek. Deel B het ten doel om verskeie artikels van die Wet op Diensbillikheid ongrondwetlik te laat verklaar en die Minister van Indiensneming en Arbeid se regulasies en sektorsyferteikens tersyde te laat stel.

3. **Bystand aan werkgewers om skade te verminder:** NEASA en Sakeliga sal werkgewers bystaan om die maksimum weerstand te bied en die skade van die regulasies vir hulle, hul werknemers en die publiek tot die minimum te beperk. Dit sal oor 'n aantal jare strek.

**AANBEVELINGS AAN WERKGEWERS**

Die hof se weiering om 'n dringende interdik toe te staan, beteken dat daar van maatskappye met 50 of meer werknemers verwag word om gelyke-indiensnemingsplanne in te dien wat met 2025 se heersende regulasies en teikens strook.

Aangesien algemene nakoming van die kwotas egter in werklikheid onmoontlik is, beteken die Hooggeregshof se bevinding noodwendig dat tienduisende werkgewers nou strategieë moet volg wat daarop gemik is om die skade aan hul besighede, hul werknemers en die publiek tot die minimum te beperk.

Daar kan van geen behoorlike besigheid, waar hy hom ook al bevind, verwag word om sy aanstellings volgens 'n ontledingstaat van regeringskant te bestuur nie. Die kwotas van ongeveer 50% vir mans en vroue, ongeag hul verskille, kan ooglopend nie nagekom word nie, en die rassekwotas is selfs meer vergesog en ontwrigtend vir besighede, harmonie in die werkplek en personeelverhoudinge.

Boonop is hierdie regulasies van toepassing op alle plaaslike indiensneming deur organisasies met 50 of meer personeellede — selfs internasionale organisasies.

*(Vervolg op p10)*

## NEASA en Sakeliga - Appèl teen uitspraak in gelyke indiensneming (verv)

Ons beveel aan dat werkgewers die volgende advies oorweeg wat NEASA voorberei het:

**1. Wat werkgewers moet weet en oorweeg**

- Die klassifikasie van werknemers op die EEA1-vorm dien as die beginpunt vir alle verslae oor gelyke indiensneming ten einde 'n werkplekprofiel te skep wat die huidige rasse-, gender- en gestremdheidsamestelling van die werkgewer se werksmag illustreer.
- Die gelyke-indiensnemingregulasies plaas geen wetlike verpligting op werknemers om hulself rasgewys op die vorm te klassifiseer nie. Dus mag werkgewers nie dissiplinêre stappe neem teen werknemers wat die vorm teken, maar nietemin weier om hulself met betrekking tot hul ras of gestremdheid te klassifiseer nie.
- Indien werknemers weier om hulself te klassifiseer wanneer hulle die EEA1-vorm voltooi, of dit 'onakkuraat' doen, vereis die regulasies dat die werkgewer dan sy werknemers volgens ras moet klassifiseer.
- Alhoewel daar geen kriteria of riglyne is oor hoe om individue volgens ras te klassifiseer nie, wat die uitvoering van klassifikasie effektief belaai maak met praktiese en wetlike slaggate, kan werkgewers historiese of huidige data gebruik in 'n poging om werknemers te klassifiseer (vorige EEA1-vorms of enige ander inligting wat die werkgewer kan gebruik om werknemers te klassifiseer).

**2. Wat werkgewers omtrent verslagdoening en beplanning ten opsigte van gelyke indiensneming kan doen**

- Werkgewers kan 'n voorwaarde by alle EEA1-vorms voeg dat hulle nie aanspreeklik gehou kan word vir die rasseklassifikasie wat op die vorm uitgevoer word nie, aangesien daar geen kriteria of riglyne is waarvolgens die rasseklassifikasie gedoen moet word nie.
- Werkgewers kan 'n voorwaarde by hul EEA12-vorm voeg dat 'historiese en huidige data' gebruik is om werknemers te klassifiseer en dat hulle nie verantwoordelikheid kan aanvaar vir die rasseklassifikasie van werknemers nie.
- Werkgewers moet teikens vir jaar 1—4 stel wat werklike besigheidsrealiteite weerspieël. Dit is van kardinale belang dat werkgewers nie onrealistiese teikens moet stel bloot om te probeer om aan arbitrêre 5-jaarteikens te voldoen nie.
- Werkgewers kan 'n voorwaarde by die EEA13-vorm voeg dat die 5-jaarteikens slegs ingevoeg word as gevolg van die verpligte aard van die EEA en sy regulasies, en dat daar nie realisties aan die teikens voldoen kan word nie.

Individuele gevalle verg noukeurige oorweging, en ons beveel aan dat werkgewers NEASA moet kontak om persoonlike advies in te win.

**3. 'n Opsie vir werkgewers wat onder dwang optree**

Waar werkgewers vind dat hulle gedwing word om hierdie onwettige en onmoontlike regulasies vir gelyke indiensneming na te kom, tree hulle onder dwang op.

Ons beveel aan dat werkgewers hul regte voorbehou en hul toekomstige regsaanspreeklikheid teenoor werknemers en ander beperk deur 'n formele beswaar by die Departement van Indiensneming en Arbeid aan te teken sodra hulle hul aanlyn gelyke-indiensnemingverslag voltooi het.

Werkgewers kan dit oorweeg om hierdie **templaatbrief** te gebruik. ❖

## DIE NASIONALE DIALOOG - PRES RAMAPHOSA SE RUBICON EN VERSPEELDE KANSE

***Deur Jan Bosman***
***Hoofsekretaris van die Afrikanerbond***

Die Rubicon verwys na die rivier in Noord-Italië wat Julius Caesar in 49 v.C. met sy soldate oorgesteek het. Volgens Romeinse wet was dit onwettig om met 'n leër die grens na Rome oor te steek. Hierdie doelbewuste verbreking van die wet het 'n burgeroorlog uitgelok. In gewone spreektaal simboliseer die oorsteek van die Rubicon sedertdien 'n onomkeerbare stap of beslissing met groot gevolge.

Dieselfde datum van 15 Augustus en veertig jaar uitmekaar is dieselfde historiese moment in die geskiedenis nie aangegryp nie en is die Rubicon nie oorgesteek nie.
Op 15 Augustus 1985 lewer President PW Botha 'n toespraak by die Natal kongres van die Nasionale Party – Dit staan later bekend as die Rubicon toespraak. Daar was groot afwagting op nasionale vlak maar veral internasionaal oor die toespraak omdat dit allerweë verwag is dat groot staatkundige hervormings aangekondig sou word. Die toespraak het nie aan die verwagtinge wat NP ampsdraers en senior regeringslede vooraf bemark het, voldoen nie. Die gevolge vir Suid-Afrika was katastrofies. Sanksies teen Suid-Afrika is internasionaal strenger toegepas en binnelandse onluste en geweld het tot meer noodtoestande gelei.

*(Vervolg op p11)*

## Die Nasionale Dialoog - Pres Ramaphosa se Rubicon en verspeelde kanse (verv)

Op 15 Augustus 2025 lewer president Ramaphosa 'n toespraak by die Nasionale Konvensie. Ook hy steek nie die Rubicon oor nie. Inteendeel die president verkies om dieselfde retoriek te gebruik van voorafgaande jare. Dalk was dit juis omdat daar nie enige verwagtinge was nie dat dit nie juis teleurgestel het nie.

Daar is egter ooreenkomste. Beide leiers het hul toesprake op kritieke tye gelewer, met Suid-Afrika wat ernstige kwessies in die gesig gestaar het wat dringende optrede vereis. In beide gevalle was Suid-Afrika by 'n kruispad. Beide leiers het nie besef dat die tydsgewrig van hulle staatsmanskap verg en dat dringende aanpassings en hervorminge nodig en tydig is nie. Beide die leiers het die internasionale en nasionale temperature verkeerd gelees. Die geskiedenis het 'n harde oordeel oor PW Botha gevel en sy onvermoë om die regte besluite op die regte tyd te neem het sy bewind

***Hoe kan die president praat van die armoede en ongelykheid terwyl sy party se leierskap se duur Duitse motors die een vlak op pad na die ingang by Unisa volgestaan het? Dit was 'n obsene vertoon van prag en praal wat diegene by die Nasionale Konvensie erg geïrriteer het.***

duur te staan gekom.

Die Nasionale Konvensie van 15 -16 Augustus 2025 was 'n verspeelde geleenheid vir mnr Ramaphosa. Die skrif was aan die muur toe hy die volgende gesê en gevra het:

*"Ons sal moeilike gesprekke oor baie kwessies moet voer, insluitend:*

- *Hoekom moet Suid-Afrikaanse vroue in vrees vir mans leef?*
- *Waarom leef so baie mense in erge armoede en leef so min lewens van weelde?*
- *Hoekom, ná dekades van demokrasie, is die vooruitsigte vir 'n wit kind soveel beter as dié van 'n swart kind?*
- *Hoekom word vroue minder betaal as mans vir dieselfde werk?*
- *Waarom, wanneer ons 'n Handves van Regte het, word daar steeds teen LGBTQI+ mense gediskrimineer, gestigmatiseer en geteister?*
- *Hoekom het klinieke nie meer medisyne nie? Hoekom loop krane droog?*

*Dit is van die vrae wat ons bereid moet wees om te vra en wat ons bereid moet wees om te beantwoord."*

Met die paragraaf en vrae in sy toespraak het hy die kans verspeel om self met konstruktiewe oplossings en hervormings te kom waarin hy die nasionale dialoog se ondersteuning kon versoek het. Probleme is al soveel keer bespreek en elke keer is die regering se gulsige hand en voetspore te vinde in die oorsaak en simptome. Die President kon met drastiese en kreatiewe oplossings 'n hele nuwe dimensie aan die Nasionale Konvensie en die uitrol van die Nasionale Dialoog gegee het. In stede daarvan is die bal net verder die pad afgeskop.

Hoe kon hulle die temperatuur van die Suid-Afrikaanse samelewing so verskriklik verkeerd gelees het?

Hoe kan die president praat van die armoede en ongelykheid terwyl sy party se leierskap se duur Duitse motors die een vlak op pad na die ingang by Unisa volgestaan het? Dit was 'n obsene vertoon van prag en praal wat diegene by die Nasionale Konvensie erg geïrriteer het.

Daar is 'n groot ontkoppeling tussen regering en mense. Dit was duidelik in die algemene besprekinge tydens die dialoog. Die gaping is skynbaar onoorbrugbaar en ontbreek die politieke wil om werklik te luister. Striemende kritiek is telkens uitgespreek oor werklike kwessies wat Suid-Afrikaners raak.

Hoekom ras insleep in sy opmerking oor onderwys? Wat het sy regering gedoen aan meer as 80% disfunksionele skole en gebrekkige infrastruktuur en vakbonde wat onderrig lamlê? As 75% van Graad 4's nie met begrip kan lees nie, is dit nie ras nie maar 'n regering wat sy onderwysverantwoordelikheid skouspelagtig gefaal het.

Die Nasionale Konvensie vind plaas midde in ongekende misdaad, verbrokkelende staatsinstellings en munisipaliteite, wanadministrasie en grootskaalse korrupsie. Nog kommissies en nog vae beloftes. Groter werkloosheid en armoede. Die lys van mislukkings en skandale word elke dag al hoe langer. Die regering en mnr Ramaphosa se reaksie is om te vra hoekom dit so is en mense te vra om daaroor te praat. Die antwoord is te vinde in 'n regering verlam deur ideologie, rigtingloosheid van leiers, en idees. Hierdie bewind van mnr Ramaphosa het gestagneer in 'n morele en visioenêre bankrotskap. 'n Nasionale Dialoog gaan dit nie met praat sonder werklike uitkomste red nie.

Uit vele gesprekke tydens die nasionale dialoog was dit duidelik dat die herstel van die morele orde in die land die grootste prioriteit is en behoort te wees. Dit is egter nie nuut nie. Reeds in Junie 1997 is die idee van 'n morele herlewingsbeweging gebore tydens 'n vergadering tussen oudpresident Nelson Mandela, geloofsleiers en verteenwoordigers van die burgerlike samelewing. Die doel was om waardes soos verantwoordelikheid, eerlikheid, billikheid, respek, verdraagsaamheid en omgewingsbewustheid te bevorder vir nasiebou. Dit was 'n lofwaardige inisiatief. Die krisis het egter ontstaan toe die regering in 2002 die beweging oorgeneem het, met die destydse adjunkpresident Jacob Zuma as beskermheer. Zuma, wat later beskuldig is van omkopery, geldwassery, korrupsie en betrokke was by staatskaping, moes die regering se vaandeldraer vir moraliteit wees. In plaas daarvan het die inisiatief 'n voorbeeld van staats- en moraliteitskaping geword.

*(Vervolg op p12)*

## Die Nasionale Dialoog - Pres Ramaphosa se Rubicon en verspeelde kanse (verv)

Die morele orde kan herstel word. Die Nasionale Dialoog in watter formaat ook al en wie ook al betrokke is kan reeds ŉ groot eerste stap wees om dit te hanteer. ŉ Herstel van die morele orde kan antwoorde bied vir die meeste van ons probleme deur dit te erken en aan te spreek. Dit sluit in etiese leierskap ten einde korrupsie, misdaad, en soveel van ons wanprestasies aan te spreek.

Die verdere uitrol van ŉ dialoog ten einde die morele orde te herstel kan met leiding deur kerkleiers en die geloofsomgewing verder bevorder word. Dit kan nie 'n politieke proses wees nie.

Wat behels die herstel van die morele orde?

- ***Die nasionale belang moet bo persoonlike belang gestel word.***

Die ervaring is dat die ANC persoonlike lojaliteite en magsbehoud stel bo die dringende behoeftes van Suid-Afrika. Kwessies soos korrupsie en nepotisme, wat herhaaldelik in die openbare domein na vore kom, erodeer die vertroue van burgers in die party en die staat.

- ***Selfsug en selfverryking staan in die pad van ekonomiese groei***

Obsene selfverryking, soos gesien in skandale rondom tenders, grootskaalse korrupsie en staatskaping, ondermyn Suid-Afrika se ekonomiese potensiaal. D

- ***Politieke Voorkeur en partybelang bots lynreg met meriete en prestasie***

Die praktyk van kaderontplooiing en aanstellings op grond van politieke lojaliteit eerder as kwalifikasies lei tot swak dienslewering en ondoeltreffendheid in openbare instellings. Dit alles onder die vaandel van transformasie benadeel Suid-Afrikaners wat afhanklik is van 'n funksionerende staat.

Moraliteit kan nie aan die staat uitkontrakteer word nie veral nie as dit neerkom op keuses tussen reg en verkeerd, nie. Ons kan as deel van ŉ dialoog reeds die volgende begin doen.

- *Neem self verantwoordelikheid:* Morele herlewing moet begin by individue en gemeenskappe, nie die staat nie. Ons moet opnuut waardes soos eerlikheid, integriteit en verdraagsaamheid aktief bevorder deur keuses en gedrag.
- *Onafhanklike Instellings:* Ondersteun en versterk onafhanklike burgerlike organisasies, geloofsgroepe en gemeenskapsinisiatiewe wat morele waardes bevorder. Hierdie instellings dien as teenwigte vir staatsinvloed. Sodoende kan morele standaarde onafhanklik van politieke agendas gehandhaaf word.
- *Skep ŉ morele bewustheid:* Dit begin reeds met die oordrag van waardes in opvoeding, skole, gemeenskappe en media. Dit help om ŉ kultuur te skep waar mense bewus is van die impak van hul keuses.
- *Skep ŉ kultuur van aanspreeklikheid:* Ons moet deursigtigheid en aanspreeklikheid van leiers in alle sektore vereis. Hierin moet ons regstelsel en media wat korrupsie en onetiese gedrag blootlê ondersteun word.
- *Minder staatsbeheer:* Daar moet ŉ duidelike skeiding wees tussen morele inisiatiewe en staatsbeheer. Morele herlewing moet gedryf word deur die samelewing, nie deur politici wat eie agendas het nie.
- *Rolmodelle:* Ons moet inspirasie vind in individue wat morele keuses bevorder. Hulle is oral te vinde in die burgerlike samelewing, of dit nou sakemanne of vroue is of sporthelde of gemeenskapsleiers.

Met ŉ Nasionale Dialoog gefokus op die herstel van die morele orde kan Suid-Afrika die Rubicon oorsteek wat ons leiers nie wil nie. Deur ŉ morele orde opnuut in die hande van individue en gemeenskappe te plaas, en deur te fokus op bewuste keuses

Hierdie artikel is op 21 Augustus 2025 in Netwerk24 en Die Burger gepubliseer
https://www.netwerk24.com/stemme/menings/jan-bosman-soos-pw-het-cr-toe-ook-voor-die-rubicon-vasgesteek-20250820-1358 ❖

---

## AFRIKANERS HET REEDS VERSKONING GEVRA VIR APARTHEID

***Deur Martin van Staden***

*Die onderstande artikel het op 21 Augustus 2025 in Engels op die Daily Friend van die IRR verskyn en daarna in Afrikaans by Maroela Media. Met die instemming van Martin van Staden plaas ons dit graag en doen dit ook met volle erkenning aan die twee publikasies.*

Die refrein is nou al goed bekend: drie dekades in Suid-Afrika se demokrasie in het Afrikaners steeds nie om verskoning gevra vir apartheid nie. Hoe is versoening onder sulke omstandighede moontlik? Dit word soos ŉ geloofsbelydenis in die openbare diskoers herhaal, sonder enige bewyse, terwyl bewyse van die teendeel oorweldigend is.

Nie alleen het die berg verskonings uit formele en georganiseerde Afrikanerdom gegroei oor die jare nie, maar dit is steeds nie ongewoon om welmenende Afrikaners op sosiale media te sien om verskoning vra vir die stelsel van onderdrukking wat in 1994 geëindig het nie. Ek het nog nooit gesien dat één van hierdie verskonings aanvaar word nie, hoewel hulle gretig as bewys van voortdurende kollektiewe skuld vir historiese wandade gebruik word.

Dit is tyd om die rekord te oorweeg en onsself af te vra – as Afrikaners én as Suid-Afrikaners – of dit nie tyd is om hiermee op te hou nie.

**Retoriese en simboliese verskonings**

ŉ Verskoning is ŉ opregte en berouvolle erkenning van ŉ oortreding of mislukking. Dit is inherent retories. En van retoriese en simboliese verskonings is daar baie, waarvan ek slegs ŉ paar sal noem:

*(Vervolg op p13)*

## Afrikaners het reeds verskoning gevra vir Apartheid verv)

Die Nasionale Party was vir die grootste deel van die vorige eeu die natuurlike politieke tuiste van Afrikanerdom. Sy leiers was nie bloot die leiers van ŉ politieke party nie, maar die politieke leiers van die Afrikanervolk. FW de Klerk was die leier van die Nasionale Party en die staatspresident van Suid-Afrika aan die einde van die apartheidsera, en hy het om verskoning gevra vir apartheid.

Adriaan Vlok was adjunkminister van verdediging in 1984 en adjunkminister van wet en orde tussen 1985 en 1986. Hy is in 1986 as minister van wet en orde aangestel en het tot 1991 gedien. Hy was aan die hoof van die apartheidsekuriteitstelsel en het voor Frank Chikane gekniel en sy voete gewas. Vlok het sy voormalige kollegas opgeroep om soortgelyk om verskoning te vra vir historiese onregte.

Afrikaners was nog altyd en bly ŉ diep godsdienstige volk wat nou met hul kerke identifiseer. Die vernaamste hiervan is die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), die naaste wat die Unie en Republiek van Suid-Afrika aan ŉ staatskerk gehad het. In 1986, en tweemaal in 1990, het die NGK verantwoordelikheid aanvaar vir apartheid en dit verwerp. Een van die verklarings in 1990 sluit af met "die ondubbelsinnige verwerping van apartheid as sonde".

Beyers Naudé, ŉ progressiewe predikant wat onder die leiers van die progressiewe minderheid van Afrikaners gestaan het, het sy NGK-amp in die 1960's verloor toe hy hom teen apartheid uitgespreek het. Hy het later verduidelik: "Ek het op grond van my teologiese studie, op grond van my persoonlike kontak met 'swartes' en 'kleurlinge' en Indiërs, tot die slotsom gekom dat die beleid van apartheid onchristelik, immoreel, en onuitvoerbaar was…"

Hierdie verskonings het, toe dit uitgereik is, feitlik elke Afrikaner verteenwoordig.

**Verskonings deur dade**
Nietemin sal die voltydse aktivis-slagoffers van Suid-Afrika beweer dat dit blote woorde was – wat ŉ verskoning natuurlik is – en dat niks wesenlik *gedoen* is by wyse van verskoning nie.
Weer verkeerd. Afrikaners het ver bo blote retoriek en simboliek gegaan, met die volgende noemenswaardige dade.

Die "burgeroorlog" van die 1990's is hoofsaaklik tussen *anti-Apartheid-faksies* gevoer, naamlik die ANC en Inkatha. Die formele sekuriteitsmagte, onder leiding hoofsaaklik van Afrikaners, het nie direk daaraan deelgeneem nie. Met die oordrag van mag in 1994 kon hierdie militêre leiers – soos baie siniese joernaliste en waarnemers destyds geglo het – 'n staatsgreep uitgevoer het.

En om eerlik te wees, as ek in hul skoene was, met die wete dat die ANC 'n onberouvolle kommunistiese formasie is, sou ek dalk presies dit gedoen het.

Maar hulle het nie.

Die Afrikaner-militêre elite, wat oor 'n eeu gekweek is en tydgenootlik hewig toegewy was aan die uitwissing van dié wat hul lewenswyse bedreig het, het nie 'n enkele skoot op die nuwe regering gevuur nie. Hierdie leiers het elke bevel nagekom wat hul beheer oor die weermag ongedaan gemaak het. Hulle het die gesag van die meerderheidsregering sonder huiwering erken. Dit kon heeltemal anders verloop het.

Die ANC het nooit 'n enkele geveg teen die Suid-Afrikaanse Weermag gewen nie. Die voortdurende dreigemente tydens die onderhandelinge om apartheid te beëindig om "terug te keer na die gewapende stryd" was niks meer as dreigemente om "terug te keer na nederlaag" nie. Suid-Afrika kon 'n verarmde, oorlogvoerende samelewing geword het tussen 'n ingewortelde Afrikaner-*junta* en 'n hopelose Hamas-agtige ANC wat floreer in openbare betrekkinge, maar elke dekade nuwe leierskap moet aanstel nadat die vorige een uitgewis is.
'n Eenvoudige "dankie" sou gaaf gewees het.

***Die Afrikaner-militêre elite, wat oor 'n eeu gekweek is en tydgenootlik hewig toegewy was aan die uitwissing van dié wat hul lewenswyse bedreig het, het nie 'n enkele skoot op die nuwe regering gevuur nie***

Maar nie alleen het die Afrikaner-gedomineerde weermag sy wapens neergelê nie; Afrikaner-politiek het byna onmiddellik sy separatistiese bedoelings afgeskud.

Die Vryheidsfront het nominaal vir 'n paar jaar die fakkel van die Volkstaat gedra, maar dit is nou ou geskiedenis, en daardie party het nooit naby aan 'n meerderheid van Afrikanerstemme gekom nie. Byna oornag het die Afrikaner-kieser in kosmopolitiese politiek geassimileer en die legitimiteit van die instellings van die nuwe meerderheidsregering aanvaar.

Hierop word dikwels daarop gewys dat daar nie baie Afrikaner-lede van die ANC, Ekonomiese Vryheidsvegters, of uMkhonto we Sizwe is nie.
Ek het gesê Afrikaners het geassimileer. Ek het nie gesê hulle is gelobotomiseer nie.

Dit kon ook heeltemal anders verloop het. Afrikaners kon maklik hul tasse gepak en na die yl-bevolkte Noordkaap getrek het om daar 'n demografiese meerderheid te word en vir onafhanklikheid te begin pleit. In plaas daarvan was die bewuste en onbewuste besluit van georganiseerde Afrikanerdom en al sy lede om die nuwe Suid-Afrika 'n kans te gee.

**Verskonings deur reparasie**
Natuurlik word hierdie óók verwerp.

Moeiteloos verskuif die narratief van "verskoning" – waaroor voortdurend 'n bohaai gemaak word – na reparasie. Daar word beweer dat Afrikaners nooit iets

*(Vervolg op p14)*

## Afrikaners het reeds verskoning gevra vir Apartheid (verv)

gedoen het om die skade wat deur apartheid aangerig is, te herstel nie.
Natuurlik is dit verkeerd.

Daar word steeds gesê dat wit Suid-Afrikaners in die algemeen, en Afrikaners in die besonder, die ekonomie domineer en "beheer". Dit behoort dus geen verrassing te wees dat Afrikaners duisend-miljarde rande in belasting betaal het en bly betaal aan 'n regering wie se verklaarde beleid is om rasseminderhede, insluitend blankes, te vervolg.
Meer as dit – aangesien ons altyd herinner sal word dat "almal belasting betaal" – Afrikaners het die grootste deel van die twintigste eeu daaraan spandeer om 'n staatsdiens te bou wat hulle en hul belange dien. Om die polisie in die 1970's te skakel, is altyd beantwoord. Posstukke het betyds aangekom. Ligskakelaars het konsekwent gewerk.
Afrikaners het gesien hoe hulle belasting vir hulle werk.

Vir die Afrikaner en ander wit landsburgers is daardie tyd goed en waarlik verby (vir ander het dit nooit bestaan nie).
En tog betaal Afrikaners in die breë belasting met 'n glimlag, selfs terwyl die openbare dienste waaraan hul gewoond was om hulle in duie stort. Mens sou dink dat georganiseerde Afrikanerdom ten minste op 'n ooreenstemmende verlaging in belasting sou aandring! Maar nee, Afrikaners is maar te bly om hoflik op elke eisbrief van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te reageer.

***En tog betaal Afrikaners in die breë belasting met 'n glimlag, selfs terwyl die openbare dienste waaraan hul gewoond was om hulle in duie stort.***

Dan is daar die kwessie van Afrikaners wat die ekonomie kwansuis monopoliseer.
Wel, die groot besighede wat Afrikaners oor 'n eeu opgebou het, is vandag byna almal hoëvlak-bydraers tot breëbasis-swart ekonomiese bemagtiging (BBBEE).

In 1918 het 'n klein groepie Afrikaner-kapitaliste die Suid-Afrikaanse Nasionale Trust- en Assuransiemaatskappy (Santam) en die Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransiemaatskappy (Sanlam) gestig met die spesifieke doel om die Afrikanervolk te verhef. Hierdie maatskappye het uitgegroei tot ekonomiese bakens van die Afrikanergemeenskap, nou geassosieer met die nasionale gevoel van Afrikaners.

Beide Santam en Sanlam is vandag vlak een BBBEE bydraers (met meer as 100 punte op die BEE-telkaart).

Kom ons kyk nog nader na die hart van Afrikanernasionalisme, die gevreesde verteenwoordiger van wit heerskappy (*white supremacy*) in Suid-Afrika.
In 1915 het organiseerders van die nuutgestigte Nasionale Party, wat die vorige jaar gestig is, Die Nasionale Pers Beperk geïnkorporeer. Die Nasionale Pers, of Naspers soos dit bekend sou word, was bedoel om die mediavleuel van Afrikanernasionalisme te wees, wat sy tydskrifte en koerante publiseer. En dit is inderdaad wat dit geword het, met alle Nasionale Party-mondstukke oor die daaropvolgende eeu geaffilieer met Naspers. Naspers het gegroei tot 'n mediareus, en 'n kosbare besitting van Afrikanerdom.
Vandag is Naspers 'n vlak vier BBBEE-bydraer (met 'n telling tussen 80-89) op die BEE-telkaart.

Die Afrikaanse Verbond Begrafnis Ondernemings Beperk (vandag bekend as AVBOB), het die land se grootste begrafnisversekeringsmaatskappy geword, en een van die grootste op die Afrika-kontinent. Dit is 'n vlak een B-BBEE-bydraer; en meer, verklaar dat "ons glo dat breëbasis-swart ekonomiese bemagtiging (BBBEE) meer is as 'n regulatoriese vereiste, dit is noodsaaklik vir Suid-Afrikaanse besighede om vorentoe te beweeg."

Remgro (wat as Rembrandt begin het), gestig deur die mees noemenswaardige Afrikanerkapitalis van die vorige eeu, Anton Rupert, spog met 'n vlak vyf BBBEE bydrae (75-79 punte).

Volkskas-bank is in 1935 gestig om Afrikaners wat deur die Groot Depressie benadeel is te dien. Soos sy naam aandui, was Volkskas diep gewortel in Afrikanernasionalisme. Absa, Volkskas se vernaamste opvolger, is 'n vlak een BBBEE-bydraer.

Durf ek aangaan? Ek kan natuurlik, maar dit sal tevergeefs wees, aangesien dit alles ook summier verwerp sal word: dit gaan nie oor blote reparasie nie, sal ons vertel word. Dit gaan oor Die Grond™.
Wanneer dit nie oor die grond gaan nie, sal dit oor geleenthede gaan.
Voltydse klaers wil nie 'n verskoning hê nie, in woord of daad, of reparasie, of grond. Niks minder as absolute en volledige onderwerping, of erger nog, die totale afwesigheid van die Afrikaner en ander rasseminderhede, sal as aanvaarbaar geag word nie.

**Nee. Nie meer nie, hoop ek**
Die dae van verskonings is, hoop ek, verby.
As 'n volbloed-Afrikaner ken ek my hele lewe lank slegs demokratiese Suid-Afrika, soos die meeste van my eweknieë. Ek het geen van die groei van Afrikanervoorspoed ervaar nie – trouens, my hele bewuste lewe aanskou ek uitsluitlik die verkrummeling van Suid-Afrika se ekonomie en samelewing.

Die enigste woorde wat ek vir my ouers, en hul ouers, het wat verseker het dat ek nie vandag hoef te sukkel nie, is "dankie."

Wens ek dat die politieke omstandighede waarin hulle hulself bevind het was meer regverdig? Beslis. As Suid-Afrika destyds 'n vryemark aangeneem het, sou

*(Vervolg op p15)*

## Afrikaners het reeds verskoning gevra vir Apartheid (verv)

die ekonomie vandag vir almal baie sterker gewees het.

Maar dit was nie die geval nie, en Afrikaners het herhaaldelik, retories, simbolies, kultureel, godsdienstig, polities, militêr, en finansieel om verskoning gevra.

Hierdie herhaalde, substantiewe verskonings van die verlede is nie aanvaar nie. Waarom sal enige verdere verskonings aanvaar word? Afrikaner, neem dit van ’n liberalis soos ek: moenie ongemaklik voel in die vel van jou geboorte nie, en moenie jou ouers verkwalik nie. Moet nooit weer om verskoning vra nie.
Nie meer nie.

Die rentesoekers van ons tyd voer in effek aan dat solank swart armoede bestaan, Afrikaners nie vir Apartheid om verskoning gevra het nie. Die een volg natuurlik nie uit die ander nie, en dit hoef ook nie, want dit is ’n nuttige retoriese truuk wat politieke doeleindes goed dien, net soos die argument dat wit mense “begunstigdes van apartheid” is.

Maar meer as dit: terwyl swart armoede dalk deur ekonomies-uitsluitende wetgewing van die vorige regime aangewakker is, word dit deur die huidige regering in stand gehou. Dat dit 31 jaar in die nuwe Suid-Afrika voortduur, dui daarop dat daar ’n politieke begeerte daarvoor is.

Dit is die ideologie van afhanklikheid en beheer wat die Nasionale Demokratiese Rewolusie onderlê.

Die politieke kragte wat swart Suid-Afrikaners arm hou, het dus ’n aansporing om retoriese foefies uit te dink wat minderheidsgemeenskappe – *en dit is altyd minderhede* – as sondebokke gebruik vir dit wat die politici veroorsaak.

Armoede is nie kernfisika nie: dit is relatief maklik om dit op te los. Daar is ook niks besonders aan armoede in Suid-Afrika nie, ten spyte van sy rassistiese oorsprong. Dieselfde dinge wat die res van die wêreld gedoen het om armoede te beëindig – deregulering, liberalisering, spaarsaamheid, gesonde gesinslewe, openbare orde – is beskikbaar en wag vir Suid-Afrika om dit aan te gryp.

Die oorspronklike artikel is by die IRR se Daily Friend gepubliseer https://dailyfriend.co.za/2025/08/21/afrikaners-already-apologised-for-apartheid-and-then-some-but-no-more/
Die Afrikaanse weergawe is by Maroela Media gepubliseer https://maroelamedia.co.za/debat/diskoers/afrikaners-het-reeds-om-verskoning-gevra-vir-apartheid-maar-dis-nou-klaar/
** Martin van Staden is Beleidshoof van die Vryemark-stigting.* ❖

## AFRIKANERS SE ERFENISSE OM ONS - DIE ANC HET MIN TE WYS

***Deur RW Johnson***

***Die onderstaande artikel het op 24 Oktober 2021 in Afrikaans in Rapport verskyn en is op 25 Oktober in Engels in Politicsweb gepubliseer. Met die volle vergunning van RW Johnson en met erkenning aan Rapport plaas ons graag weer die artikel.***

Op Erfenisdag (24 September 2021) het die FW de Klerk-stigting ŉ diepsinnige verklaring uitgereik wat bevraagteken wie se erfenis gevier word. Die minderheidsuitspraak van regters Cameron en Froneman in die saak Stad Tshwane vs. AfriForum (2016) is aangehaal en die stigting suggereer dat die meerderheidsuitspraak “blykbaar die reg van wit Suid-Afrikaners om kultuur te hê bevraagteken. Die minderheidsregters het uitgewys “die moontlike gevolgtrekking (uit die meerderheidsuitspraak van die konstitusionele hof) kan wees dat enige staatmaak deur wit Suid-Afrikaners, veral wit Afrikaners, op kultuur; tradisie wat op die geskiedenis gegrond is, nie in die Grondwet erken word nie omdat daardie geskiedenis onvermydelik uit onderdrukking spruit.”

Die stigting het gevra of die uitspraak beteken dat “die geskiedenis van wit Suid-Afrikaners niks anders as ŉ eendimensionele geskiedenis van onderdrukking is nie.” Hoe kan dit wees? is gevra. Alles in ag genome was die Tweede Anglo-Boereoorlog die grootste vryheidsoorlog in die geskiedenis van Afrika.

Trouens, natuurlik is ons almal vertroud met hierdie uitkyk. Want nouliks toevallig, het die meerderheid van die konstitusionele hof die ANC se mening geëggo. Volgens die ANC is alles wat tussen 1652 en 1994 gebeur het, net “onderdrukking” – ŉ bespotlike kompressie van ŉ ryke en komplekse geskiedenis waaroor ANC-leiers byna heeltemal onkundig is.

Natuurlik het Engelssprekende Suid-Afrikaners hul eie lys historiese en kulturele verskynsels waarop hulle trots is - byoorbeeld twee Nobelpryse vir literatuur of Suid-Afrika se opofferings in die Eerste Wêreldoorlog of later, hul wesenlike bydrae tot die nederlaag van die Spilmoondhede.

Maar aangesien Afrikaners spesifiek die ANC se teiken in hierdie stryd oor erfenis is, kom ons vra wat het Afrikaners in die 20ste eeu bereik?

Daar moet eerstens erken word dat daar ook baie in hierdie erfenis is waaroor die Afrikaner moet skaam voel. Afrikanerleiers het weliswaar herhaaldelik en openlik om verskoning gevra vir apartheid en gewoonlik vir hul onderdrukkende rol. Maar daar is ook baie waarop hulle kan trots voel, soos hoe Afrikaners, wat platgeslaan was deur hul nederlaag in die Anglo-Boereoorlog, hulself gou weer kon ophef en opbou as ŉ gemeenskap. Deel hiervan was die uitsonderlike poging om Afrikaans as ŉ taal te vestig en versterk.

*(Vervolg op p16)*

## *Afrikaners se erfenisse is om ons - Die ANC het min te wys (verv)*

Ten spyte van blindelingse globalisering, die triomf van Engels en die uitwissing van verskeie minderheidstale, kon net twee minderheidstale suksesvol teen die gety swem, Hebreeus en Afrikaans. Enorme getalle boeke is in Afrikaans vertaal en nog meer in die taal geskryf. Vandag word meer boeke jaarliks plaaslik in Afrikaans uitgegee as in Engels. Geen ander Afrikataal kon dit bereik nie.

Vir die hele tydperk vanaf Uniewording tot 1994 is Suid-Afrika deur Afrikaners gelei. Daardie periode is gekenmerk deur enorme ekonomiese groei, die industrialisering en verstedeliking van die land, die bou van indrukwekkende infrastruktuur sonder enige gelyke in Afrika - nie net paaie en brûe en damme nie, maar hawens, lughawens en gesofistikeerde waterstelsels. Bowenal is duisende skole, hospitale en klinieke gebou en beman, sowel as ŉ dosyn universiteite. By verre die grootste en beste geïntegreerde spoorstelsel in Afrika is gebou en onderhou, sowel as Afrika se leidende lugredery.




Die land se behuisingsaanbod is geweldig uitgebrei - insluitend die bou van swart townships op ŉ hoër standaard as wat in die HOP-era gesien is. Die hoogste vlakke van ekonomiese groei in Suid-Afrika is in die 1950's en 1960's gesien. Daardie periode het ook die vinniggroeiende uitbreiding van Afrika-onderwys gesien in hierdie land. Bygesê dit was om (ondergeskikte) Bantoe-onderrig te gee, maar ŉ paar swart intellektuele het al verklaar Bantoe-onderwys was inderwaarheid beter as dit wat die meeste townships en informele nedersettings vandag ontvang. Gelyklopend met die land se vooruitstrewende industrialisasie was daar ook die grootste uitbreiding in Afrika in landbouproduksie met die ontwikkeling van gesofistikeerde plase en besproeiing, dalk met die uitsondering van wat te sien was in Zimbabwe.

Die besonder indrukwekkende Eskom was verantwoordelik om krag vir al hierdie dinge te verskaf en het ŉ groot surplus elektrisiteit teen die goedkoopste pryse in die wêreld gelewer. Dis was grootliks ŉ Afrikanerprestasie, gelei deur die merkwaardige Hendrik van der Bijl.

Afrika-nasionaliste het al hierdie prestasies weggepraat deur uit te wys dat die meeste hiervan die vrug van Afrika-arbeid was. Dit is waar, maar dit mis grootliks die punt. Daar was immers geen tekort aan Afrika-arbeid in al die ander Afrikalande nie, maar nêrens anders het dit dieselfde resultate gelewer nie. Want sulke ontwikkeling leun op fyn beplanning, visie, belegging, bestuur en ŉ vasberadenheid om dit deur te voer: Dit, eerder as die bestaan van ŉ oorvloedige arbeidsmark, is die bepalende faktore.

Ironies genoeg versprei die Nasionale Party die wanindruk dat die Afrikanererfenis hoofsaaklik gaan oor volkspele, boeremusiek en die Groot Trek, maar die feit staan dat die 20e-eeuse erfenis baie indrukwekkender was: Dit het ŉ sterk, moderne land gebou.

Dieselfde uitdagings om hierdie moderne Afrikanererfenis te vier, word gesien in Argentinië. Buenos Aires is tereg befaamd vir sy merkwaardige argitektuur en bekend as 'die Parys van Latyns-Amerika';. Maar die probleem is, dit is 19e-eeuse prestasies. In 1900 was Argentinië een van die wêreld se toptien-ekonomieë, maar vandag is dit slegs nommer 21 en wanneer dit kom by lewensgehalte le Buenos Aires 91ste. Die glorie was gister.

Suid-Afrika se agteruitgang was selfs vinniger. Dit het die wêreld se 18de grootste BBP in 1974 gehad, maar het teen 2019 38ste gelê. Meer nog, terwyl ware per capita-inkomste jaarliks van 1911-1961 met 1,8% gestyg het, het dit sedert 2015 deurlopend gedaal - vir sewe agtereenvolgende jare. Geen einde aan daardie proses is in sig nie. Waar die Afrikaner die land gebou het, breek die ANC dit af.

Wat het die ANC sedert 1994 gebou? Baie HOP-huise, ŉ paar wit-olifant-sokkerstadions, die Gautrein en gemoderniseerde lughawens. Dit word egter uitgewis deur die ongelooflike verval - die verlies aan water- en elektrisiteitsverspreidingsnetwerke, die versuim om paaie en brûe te onderhou, die ineenstorting van die SAL, die amper totale ineenstorting van die spoorweë en die vervalle toestand van baie dorpe en stede.

Waarom die kontras? Eenvoudig gestel, waar sy voorgangers belegging vooropgestel het, het die ANC verbruik begunstig. Groot somme word weggegee as maatskaplike toelaes, die deel van die nasionale begroting wat deur staatsdienssalarisse ingesluk word, het die hoogte ingeskiet, in elke dorp en stad trek burgemeesters, raadslede en munisipale bestuurders nou groter salarisse en toelae as voorheen en vakbonde dring gewoonlik aan op inflasie-plus-salarisverhogings, selfs terwyl die ekonomie krimp. En natuurlik word groot bedrae geld gesteel. Op die oomblik word gevra vir nog meer verbruik, gefinansier deur ŉ 'basiese inkomstetoelaag.

*(Vervolg op p17)*

## Afrikaners se erfenisse is om ons - Die ANC het min te wys (verv)

Wat koop al hierdie geld? Luukse motors, klere en huise, duur troues, partytjies en oorsese reise en groot hoeveelhede alkohol en wegneemetes - plus 'n groot klomp nederiger artikels wat die armes koop. Bitter min met enige langdurige waarde. Die mees indrukwekkende geboue, die Wêreldbekerstadions, word selde gebruik.

Die Afrikaner-erfenis is soos die van die grootse argitek sir Christopher Wren, wie se gedenkteken in die St. Paulus-katedraal eenvoudig lui: "Look around you."

Maar sou die ANC-regering môre ineenstort, is dit nie duidelik wat ons in Erfenisdag-toesprake sou sien nie, behalwe: "Die partytjie is dalk verby, maar dit was pret terwyl dit aan die gang was."

- *R. W. Johnson is 'n voormalige Britse joernalis, politieke wetenskaplike en historikus wat in Suid-Afrika bly. Hy was ook genoot (fellow) aan Oxford Universiteit.*

---

**Die Afrikaner – 'n bydraer tot uitnemendheid**

*In 2001 het die AB Nuusbrief die onderstaande stuk gepubliseer wat aansluit by die bostaande artikel. Dit is geskryf deur prof Réna Pretorius, voormalige Hoof: Departement Afrikaans, UP op versoek van die redaksie.*

In hierdie land en subkontinent het die Afrikaner nie *níks* tot stand gebring nie.

Op die terreine van die natuurwetenskappe, die tegnologie en die ekonomie het Afrikaners as entrepeneurs en werkverskaffers, en met beperkte eie fondse, enorme vooruitgang en dramatiese ontwikkeling in hierdie land bewerkstellig.

Deur innoverende denke is projekte geïnisieer wat tot groot welvaart in ons land gelei het – projekte deur manne soos die ondernemende dr Hendrik van der Bijl: EVKOM (1923), YSKOR (1928: groter Vanderbijlpark YSKOR in 1946, nog later 'n aanleg by Newcastle), AMKOR (1937), VIKOR (1945) en SAFMARINE (1946). Sy droom in 1920 reeds van die bereiding van olie uit steenkool, is in 1950/1955 verwerklik deur die kreatiwiteit en waagmoed van twee ander Afrikaner nyweraars, drr. FJ du Toit en Etienne Rousseau, met die in produksie gaan van SASOL waardeur Suid-Afrika die wêreldleier op die gebied van hierdie tegnologie geword het. Die breinkrag en durf van ondernemende Afrikaners soos drr. Frikkie Meyer (YSKOR), Meiring Naude (WNNR), AJA Roux (RAK), Wally Grant (UKOR), Louw Alberts (MINTEK) en Bill Venter (terrein van die elektronika), laat Suid-Afrika saampraat met hulle eweknieë wêreldwyd.

Op die terrein van die mediese wetenskappe het die Afrikaner nog tot onlangs die sleutelposte beklee in die mediese fakulteite aan universiteite landwyd. 'n Afrikaner, dr walter Prozesky, eertydse president van die Mediese Navorsingsraad, was die eerste viroloog wat die VIGS-virus in Afrika gediagnoseer het. Baanbrekers soos die Karooseun, dr Chris Barnard, en onkoloë soos die egpaar Falkson, het wêreldwyd die hoogste erkenning vir hulle baanbrekerswerk ontvang.

Die Afrikaner se inisiatief met die stigting van sakeondernemings (in die gees van Vader Kestell se credo: "'n Volk red homself") het nie net gelei tot die opheffing van die Afrikaner in die sfeer van die handel en nywerheid nie, maar op groot skaal bygedra tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie in sy geheel.




Reuse op hierdie terrein is NASIONALE PERS, gestig 1915, en na byna 90 jaar 'n mediareus wat oor taal- en rasgenote ontplooi het en met sy kommersiële netwerk, M-Net, orals in die wêreld uitsaai.

Suksesvolle ondernemings is deur Afrikanerdenke en met Afrikanerfondse opgerig. Van die organisasies wat wesenlike bydraes tot die welvaart van Suid-Afrika gelewer het/steeds lewer is: die KWV, SANTAM, SANLAM (1918), UNIEWINKELS (1936); mnr JJ Bosman se waagstuk met VOLKSKAS (1934 en sedert 1990 bekend as ABSA – die grootste gealmagameerde bank in suidelike Afrika); dr Albert Wessels se hemde- en klerefabriek VEKA (1939) en later sy TOYOTA-motormaatskappy; dr JG (Kaalkop) van der Merwe se vestiging van FEDERALE VOLKSBELEGGING (1940) en die AFRIKAANSE HANDELSINSTITUUT (1942); dr Jan Marais se stigting van TRUST-Bank (1955 en in 1990 opgeneem in die ABSA-groep); dr Anton Rupert se REMBRANDT-groep (1941), SAAMBOU (1943-2002); GENCOR (wat ou General Mining oorgeneem het) en KRYGKOR, tans nog bekend as DENEL, tot onlangs 'n wêreldleier op gebied van krygstuigproduksie.

Die Kruger Nasionale Park is die resultaat van die visie en ondernemingsgees van die President van die eertydse ZAR, Paul Kruger. In die Landbou-ekonomie is dit die Afrikaner-ondernemer en –entrepeneur wat oorspronklik die land skoon en bewoonbaar vir homself gemaak het en later as gevestigde boer, werkgewer en as grondbewerker, koers gegee het aan die belangrikste deel van die land se opbrengs. ❖

## EIENDOMSREG KONFERENSIE - 9 SEPTEMBER 2025

***Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte se Eiendomsreg Konferensie – 9 September 2025 Pretoria***

Elders in die nuusbrief word verwys na Pres Ramaphosa se onlangse positiewe opmerkings oor Zimbabwe, waar grondhervorming tot ekonomiese chaos gelei het, bring nie rustigheid nie. Inteendeel dit verskerp angstigheid en kommer dat Suid-Afrika ’n soortgelyke pad kan volg onder die huidige regering.

Eiendomsreg is die hoeksteen van ekonomiese stabiliteit en individuele vryheid in Suid-Afrika, maar dit word toenemend bedreig deur wetlike, politieke en sosio-ekonomiese uitdagings.

'n Konferensie oor die beskerming van eiendomsreg is noodsaaklik om bewustheid te skep oor die belangrikheid hiervan vir alle Suid-Afrikaners, ongeag agtergrond.

Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte, met die Afrikanerbond as sekretariaat, is ideaal geposisioneer om hierdie gesprek te fasiliteer deur belanghebbendes soos regslui, beleidmakers, gemeenskapsleiers en sakelui byeen te bring. So 'n platform sal ruimte bied vir oop dialoog oor kwessies soos grondonteiening, onwettige grondbesetting en die erosie van eiendomsregte, wat almal die land se ekonomiese groei en sosiale harmonie bedreig. Die konferensie sal nie net die dringendheid van die beskerming van eiendomsregte beklemtoon nie, maar ook praktiese oplossings voorstel om hierdie regte te versterk binne die raamwerk van die Grondwet. Dit sal 'n geleentheid wees om internasionale beste praktyke te bestudeer en plaaslike strategieë te ontwikkel wat beide historiese ongeregtighede aanspreek en toekomstige sekerheid waarborg.

Deur die Ad Hoc Groep se kundigheid in sy netwerk en die Afrikanerbond as sekretariaat, kan die konferensie 'n diverse gehoor mobiliseer, insluitend diegene wat andersins gemarginaliseer voel in hierdie debat. Dit sal ook die grondslag lê vir 'n samewerkende benadering om beleidsvoorstelle te formuleer wat die regering en privaatsektor kan oorweeg. Verder sal die konferensie 'n kragtige boodskap stuur dat eiendomsregte nie net 'n kwessie van individuele belange is nie, maar 'n nasionale prioriteit wat ekonomiese voorspoed en sosiale geregtigheid ondersteun. Deur hierdie geleentheid sal die Ad Hoc Groep en die Afrikanerbond 'n inklusiewe forum skep waar stemme uit verskillende sektore gehoor kan word, wat vertroue en samewerking bevorder. Die uitkoms van die konferensie kan lei tot 'n duidelike padkaart vir die beskerming van eiendomsregte, wat Suid-Afrika se reputasie as 'n aantreklike bestemming vir investering versterk en die grondslag lê vir 'n regverdige en stabiele samelewing.

| **Tema: Eiendomsreg – Die sleutel tot vrede** | |
|---|---|
| **Eiendomsreg vir alle Suid-Afrikaners** | |
| Politieke oorsig. | Prof Andre Duvenhage |
| Grondbesit en regspraak | Hans-Jurie Moolman |
| Onteiening sonder vergoeding - Afrika gevalle studies | Prof William Gumede |
| Sake perspektief / Regshoek | Piet Le Roux |
| Video Inset - Die VSA oor onteiening | Joshua Meservey Hudson Institute (Washington) |
| **Eiendomsreg vir alle suksesvolle gemeenskappe** | |
| ***Politieke aksies*** | |
| n IVP Perspektief (Wag vir bevestiging) | (Inkatha Vryheidsparty) |
| ‘n DA Perspektief | Willie Aucamp (Demokratiese Alliansie) |
| ‘n VF Plus Perspektief | Dr Corne Mulder (VF Plus) |
| Eiendomsreg vir almal | Phumlani Majozi |
| Samevatting – | Dave Steward |

Die konferensie vind plaas by TLU SA se kantoor. James Rylaan 194, Silverton, Pretoria.

Die voorlopige program, tema en sprekers vir die oggend.

Met die **Tema van die konferensie “Eiendomsreg – Die sleutel tot vrede”** wil ons met die konferensie ook die kragtige boodskap stuur dat eiendomsregte nie net 'n kwessie van individuele belange is nie, maar 'n nasionale prioriteit wat ekonomiese voorspoed deur plaaslike en internasionale investering tot gevolg kan hê.

Dit word egter deur ideologiese toepassing van wetgewing bedreig en het telkens al gedemonstreer dat die ANC nie met eiendomsregte te vertrou is nie.

Ons glo dat daar aan die einde van die konferensie duidelike standpunte gestel kan word ten opsigte van 'n duidelike padkaart vir die beskerming van eiendomsregte en wat nodig is om Suid-Afrika se reputasie as 'n aantreklike bestemming vir investering te versterk en wat die grondslag kan lê vir 'n regverdige en stabiele samelewing.
Tyd: Registrasie vanaf 08:00 en program begin om 08:45 tot 13:30 (Beperkte plekke beskikbaar)
Formaat: Hibriede aanbieding (Slegs 80 mense teenwoordig en word aanlyn gestroom) - Registrasie vir beide is nodig.

Ons nooi ons lede hartlik uit om die konferensie te ondersteun.

Registrasie: Volg die skakel https://bit.ly/45d1nlJ ❖

## ONVERVULDE IDEALE VAN DIE GRONDWET * WES-KAAP 20 SEPTEMBER 2025




## ATR KOKER TOEKENNINGS

Die Afrikaanse Taalraad nooi alle lede van die publiek uit om kandidate vir die 2025-Kokertoekennings te benoem.

Die Kokertoekennings gee erkenning aan individue of organisasies wat 'n uitstaande bydrae tot die bevordering, ontwikkeling of sigbaarheid van Afrikaans gelewer het.

Die Kokers word in DIE volgende kategorieë toegeken
·Kategorie 1: Kokers vir besondere prestasie
·Kategorie 2: Spesiale Kokers vir 'n lewenslange bydrae tot Afrikaans
· Kategorie 3: Jeugtoekennings
- Kategorie 4: Beste Afrikaanse onderwyser
· Kategorie 5: Erepenning

Dien jou benoeming in en help ons om dié wat werklik 'n verskil maak, te vereer!
Sluitingsdatum vir benoemings: [6 September]
Wenners sal einde November op die Taalraad se sosialemediaplatforms aangekondig word.
Klik hier vir die benoemingsvorm:
Volg die skakel

Vriende word ook genooi om nominasies deur te stuur aan Die Eike. Die Nasionale Raad van die Afrikanerbond oorweeg ook geskikte kandidate om formeel genomineer te word deur die Afrikanerbond.
Stuur na
kommentaar@abond.co.za

### Feite oor Afrikaans

- *Afrikaans is een van slegs 250 tale uit die sowat 7 000 tale wêreldwyd wat meer as 'n miljoen sprekers het.*
- *Daar is meer as 7 miljoen Afrikaanse moedertaalsprekers in Suid-Afrika, Namibië en die diaspora.*
- *Meer as 12 miljoen mense gebruik Afrikaans as tweede of derde taal.* ❖

***Die Eike nuusbrief word uitgegee in samewerking met die Afrikanerbond.***

***KONTAK DIE EIKE***
***kommentaar@die-eike.co.za***
***Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006***
***Tel: (011) 782-8569 Faks: 086 658 6343***